

Van Bach tot Reger**Orrelkonsert met Jan Beukes, Eljee du Plooy en Luzanne Eigelaar****4 Augustus 2016****Sacred Heart Katedraal (St. Georgesstraat 91)****19:30**

Orreliste Jan Beukes, Eljee du Plooy en Luzanne Eigelaar bied 'n spesiale gratis orrelkonsert aan met die titel "Van Bach tot Reger". Met hierdie geleentheid word die dood van komponis, orrelis en dirigent, Max Reger 100 jaar geleden, herdenk.

Die program sluit werke vanaf Bach tot Reger in en dui die invloed wat Bach op die veral die orrelkomposisies van Reger gehad het, aan.

Jan Beukes behaal sy BMus, BMusHons, MMus en PhD aan die Universiteit van die Vrystaat en sy lisensiaat in orreluitvoering van UNISA. Hy het deelgeneem aan meesterklasse met Ludger Lohmann (Duitsland), Ewald Kooman (Nederland), Wolfgang Rubsam (VSA) en Jacques van Oortmerssen (Nederland). Hy doseer sedert 2002 orrel en orrelmetodiek by die OSM en word deel van die permanente personeel vanaf 2010. Jan gee gereeld orreluitvoerings en is aktief betrokke in departementele konserte, veral as kamermusikus. In 1998 ontvang Jan 'n toekenning van UNISA vir uitstaande musiekonderrig en sedert sy aanstelling in 2002 het sy studente al verskeie toekennings verower en kompetisies gewen. Jan is tans Artistieke en Operasionele Hoof van die OSM.

Eljee du Plooy begin in 2007 met sy BMus-graad aan die Universiteit van die Vrystaat en met orrelstudies onder leiding van dr Jan Beukes. Hy verwerf onderskeidelik sy BMus, BMusHons en MMus (almal cum laude). Tydens sy studies ontvang hy die Kunstestrust Akademiese Eerbewys as die beste derdejaar student in Toegepaste Musiekstudie, die Fanie Beetge-prys as beste nagraadse uitvoerende student, asook die Dekaansmedalje as die beste Magisterstudie in die Fakulteit Geesteswetenskappe. Eljee slaag beide die LTCL en UNISA Lisensiaat orreleksamens met lof, en word genooi om aan die UNISA Oorsese Musiekstudiebeurskompetisie deel te neem waar hy by die galakonsert opgetree het. Hy ontvang die FAK-beurs vir Musiek en verwerf ook verskeie voorgraadse en nagraadse beurse in die SAKOV-orrelstudiebeurskompetisies. Eljee wen twee keer die orrelkategorie van die ATKV-Muziq Klassiekemusiekkompetisie. Hy is tans besig met sy PhD in orreluitvoering aan die UV.

Luzanne Eigelaar matrikuleer aan Hoërskool Fichardtpark (2008) en sit daarna haar musiekstudie voort aan die UV. Sy begin in 2009 met orrelonderrig onder leiding van dr Jan Beukes. In 2012 voltooi sy haar BMus-graad (cum laude) en in 2013 haar BMusHons (cum laude). Sy ontvang verskeie prysse tydens haar studies naamlik die Hennie Joubert Merieteprys (2010), SAFO-beurse tydens die Vrystaatse Kunswedstryd (2011 & 2013) asook studiebeurse van die Suider-Afrikaanse Kerkorrelisstevereniging (2011 & 2012). In 2011 word sy aangewys as die naaswenner in die UNISA Suid-Afrikaanse Musiekstudiebeurskompetisie en sy ontvang ook die Hennie Joubert Musiekvriendekringprys. Sy ontvang ook die Kunstestrust Akademiese Eerbewys vir die beste derdejaarstudent in Toegepaste Musiekstudie en die Fanie Beetge-prys as die beste voorgraadse student in Sistematiese Musiekstudie. Luzanne is tans besig met haar MMus in orreluitvoering by die OSM en onderrig ook musiekteorie en klawerbordvaardighede vir die diplomastudente van die OSM.

PROGRAM

Buxtehude: Tokkate in d mineur (BuxWV 155)

Pachelbel: Chaconne in f mineur

Bach: Prelude en Fuga in c mineur (BWV 546)

Reger: Variasies en Fuga op *Heil dir im Siegerkranz*Reger: Koraalfantasie op *Ein feste Burg ist unser Gott*, Op. 27**TOEGANG****GRATIS**

(Die Sacred Heart-katedraal is geleë in St Georgesstraat, 91)

NAVRAE

Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)

From Bach to Reger**Organ Concert with Jan Beukes, Eljee du Plooy and Luzanne Eigelaar****4 August 2016**

Sacred Heart Cathedral (St. Georgesstraat)
19:30

Organists Jan Beukes, Eljee du Plooy and Luzanne Eigelaar present this special free organ concert titled "From Bach to Reger". With this concert the death of composer, organist and conductor, Max Reger 100 years ago will be commemorated.

The programme includes works from Bach to Reger and illustrates the influence of Bach on especially the organ compositions of Reger.

Jan Beukes obtained the degrees BMus, BMusHons, MMus and PhD (Music) from the University of the Free State and also obtained a Licentiate in Organ Performance from Unisa. He took part in masterclasses with Ludger Lohmann (Germany), Ewald Kooman (The Netherlands), Wolfgang Rubsam (USA) and Jacques van Oortmerssen (The Netherlands). Since 2002 he lectures organ and organ method at the then Departement of Music (UFS) and joins the permanent staff in 2010. He frequently gives solo organ recitals and is actively involved in departmental concerts, especially as chamber musician. In 1998 Jan received an award from Unisa for outstanding music tuition and since his appointment in 2002, his students have won various awards and competitions. Jan is currently Artistic and Operational Head of the OSM.

Eljee du Plooy started his BMus studies at the UFS in 2007 with organ studies with Dr Jan Beukes. He obtained his BMus, BMusHons and MMus (all cum laude) at the OSM. During his studies he received the Arts Trust Academic Honorary Award as the best third year student in Applied Music Studies, the Fanie Beetge prize as best postgraduate performing student as well as the Dean's Medal as best master's student in the Faculty of Humanities. Eljee passed his LTCL and UNISA licentiate organ exams with merit and was invited to take part in the UNISA Overseas Music Studies Bursary Competition where he performed in the gala concert. He received the FAK bursary for music as well as various undergraduate and postgraduate bursaries at SAKOV organ studies bursary competitions. Eljee has been winner of the organ category of the ATKV Muziq Classical Music Competition twice. He is currently busy with his PhD in organ performance at the OSM.

Luzanne Eigelaar matriculated at Fichardtpark High School (2008) and started with BMus studies at the UFS in 2009 with organ tuition under Dr Jan Beukes. In 2012 she completed the degree (cum laude) and in 2013 she completed her BMusHons (also cum laude). She received numerous prizes during her studies, including the Hennie Joubert Merit Prize (2010), SAFO bursaries during the Free State Eisteddfod (2011 & 2013) as well as study bursaries from the South African Church Organist Society (2011 & 2012). In 2011 she was awarded second prize in the UNISA South African Music Studies Bursary Competition and also received the *Hennie Joubert Musiekvriendekring* prize. She also received the Arts Trust Academic Honorary Prize for the best third year student in Applied Music Studies as well as the Fanie Beetge prize for the best undergraduate student in Systematic Music Studies. Luzanne is currently busy with her MMus in organ performance and also teaches music theory and keyboard skills to the diploma students of the OSM.

PROGRAM

Buxtehude: Toccata in D minor (BuxWV 155)

Pachelbel: Chaconne in F minor

Bach: Prelude and Fugue in C minor (BWV 546)

Reger: Variations and Fugue on *Heil dir im Siegerkranz*

Reger: Choral Fantasy on *Ein feste Burg ist unser Gott*, Op. 27

ADMISSION

FREE

ENQUIRIES

Ninette Pretorius (tel. 051 401 2504)